Die Mens

En julle sal een wees

MaartensPRO

Grafies



http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Voor die Begin

- Dit was van die begin beplan dat ons Sy kinders sou word
  - Eph 1:5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,
- Die mens se sonde was nie ‘n onverwagte gebeurtenis wat God onkant betrap het nie

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

In die Begin

- God maak die hemel en die aarde
  - **Gen 1:1** In die begin het God die hemel en die aarde geskape.
- God maak die mens
  - Gen 1:26 En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.
- Beeld: Ons lyk soos Hulle
- Gelykenis: Ons tree op soos Hulle, het dieselfde geaardheid en denkpatrone
- Soos God:
  - Gen 3:22 Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken.

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Satan

- Satan is ‘n Gerub in Eden wat vol wysheid was, volmaakte skoonheid, ‘n god wat tussen die vurige gesteentes gewandel het, volmaak geskape (Eze 28:12-15)
- Toe word hy hoogmoedig en geweldadig (Eze28:16-17)
  - Hoogmoedig omdat hy so vol skoonheid was en dit het sy wysheid bederf (Eze28:17)
  - Satan het baie ongeregtighede gepleeg en onreg gedoen deur sy koophandel (Eze28:18)
  - Dit het sy heiligdomme ontheilig en daarom het God ‘n vuur in sy binneste toegelaat wat hom verteer het (Eze 28:18)
  - Daarom het God hom weggejaag van die godeberg en uit die vurige gesteentes uit – die een wat ander moes beskut het met sy vlerke (Eze28:16)
  - God het hom op die aarde neergewerp, oorgegee aan die mense sodat die mense kon neerkyk op hom (Eze 28:17).

MaartensPRO

Satan word Verslaan

- Die Oorlog
  - Rev 12:7 En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer;
  - Rev 12:8 en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie
  - Rev 12:9 En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp
- Nou kan die Duiwel ons nie meer voor die Vader aankla nie want hy word nie meer daar toegelaat nie
- Hy kan ook nie weer vir toestemming vra om iets aan ons te doen soos in die geval van Job nie, want hy het nie meer toegang na die Vader toe nie – behalwe dat ons nou ook nog God se krag (Sy Gees) het om ‘n teenaanval te loods terwyl Jesus al die duiwel se wapens afgevat het.

MaartensPRO

Die Mens

- **Psa 8:5,6** U het hom ‘n weinig minder gemaak as ‘n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon.
- **Psa 8:6,7** U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel:
- **Heb 2:7** U het hom ‘n weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel.
- **Heb 2:9** maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir ‘n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.
- Goddelike wese = elohiym

MaartensPRO

Die Vloek

- Die Slang
  - Gen 3:14 Toe sê die HERE God aan die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe.
  - Gen 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.
- Die Vrou
  - Gen 3:16 Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers.
- Die Man
  - Gen 3:17 En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie—vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.
  - Gen 3:18 Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet.
  - Gen 3:19 In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.

MaartensPRO

Opheffing van die Vloek

- Slang
  - Geen opheffing waarvan ons weet nie
- Die Vrou
  - Gal 3:28 Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus (man heers nie meer oor die vrou nie, hulle heers as een
- Die Man
  - Deu 28:8 Die HERE sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die land wat die HERE jou God jou sal gee.
- Die beloftes van Abraham
  - Gal 3:13 Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang
  - Gal 3:14 sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.
- Die Seën op Abraham se nageslag
  - Gal 3:8 En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke geseën word.
  - Gal 3:9 Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham.

MaartensPRO

Die Huwelik

- Die Man
- Die Vrou
- Die Kinders

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Die Man

- **Eph 6:4** En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here
- **Col 3:21** Vaders, moenie julle kinders terg nie, sodat hulle nie moedeloos word nie
- **1Co 11:3** Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus
- **Eph 5:25** Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het
- Eph 5:26 om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,
- Eph 5:27 sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees
- **Eph 5:31** Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word.

MaartensPRO

Die Deugsame Vrou (Spreuke 31)

- Spreuke 19:14 Huis en goed is ‘n erfenis van die vaders, maar ‘n verstandige vrou is van die HERE.
- Meer werd as ‘n pêrel of ‘n robyn
- Die man vertrou op haar, en aan wins sal dit hom nie ontbreek nie.
- Sy doen aan hom goed, en nie kwaad nie, al die dae van haar lewe.
- Sy sorg dat daar kos in haar huis is al gaan dit baie moeilik
- Staan vroeg op om dinge vir haar man en kinders voor te berei
- Sy sal selfs die wat gebrek het help of geld insamel, ‘n sopkombuis begin ens.
- Sy sorg dat almal in die huis iets het om aan te trek
- Haar man is bekend in die samelewing as iemand wat raad kan gee
- Sy is innerlik sterk en sy is bly oor die nuwe dag wat voorlê
- Sy het wysheid en gee vriendelike onderrig
- Bevalligheid is bedrog, skoonheid is nietigheid; ‘n vrou wat die HERE vrees moet geprys word.
- Eph 5:33 … en die vrou moet die man eerbiedig.

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Kinders

- **Eph 6:1** Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.
- Eph 6:2 Eer jou vader en jou moeder—dit is die eerste gebod met ‘n belofte—
- Eph 6:3 sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.

MaartensPRO

Diensknegte

- Eph 6:5 Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus;
- Eph 6:6 nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar soos diensknegte van Christus wat die wil van God van harte doen

MaartensPRO

Vlees en Gees

- Daar is twee maniere om gelei te word:
  - Deur die vlees en sy begeerlikhede
  - Deur die Gees
- Lewe deur die vlees te gehoorsaam:
  - Rom 7:19 Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek
- Lewe deur die Gees te gehoorsaam
  - Rom 8:1 Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees
  - Rom 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God
- Om deur die Gees gelei te word lei tot volmaaktheid
  - Rom 8:19 Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God.
- Alles werk tot ons voordeel
  - Rom 8:28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

MaartensPRO

Bose Geeste

- Dit is ‘n stoeigeveg, nie ‘n oorlog nie
- Skrif
  - Eph 6:12 Want ons worstelstryd (πάλη - palē (stoeiery)) is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug
  - Eph 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly
- Wapenrusting
  - Waarheid
  - Evangelie van vrede
  - God se Geregtigheid
  - Geloof
  - Verlossing en
  - Sy Woord.

MaartensPRO

Abraham se Beloftes

- Abraham sal nie net die vader van een nasie (Israel) wees nie:
  - Gen 17:4 Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van ‘n menigte van nasies word.
  - Gen 17:5 Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou ‘n vader van ‘n menigte van nasies.
- Watter nasies?
  - Al die nasies wat kinders van die Here sou word
- Met wie sal die verbond hernu word?
  - Gen 17:7 En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as ‘n ewige verbond, om vir jou ‘n God te wees en vir jou nageslag ná jou.
  - Gen 17:7 And I will establish my covenant between me and thee and thy seed after thee in their generations for an everlasting covenant, to be a God unto thee, and to thy seed after thee.
  - Gal 3:16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus.

MaartensPRO

Jood

- Die saad van Abraham is nie die Joodse volk nie
  - Gal 3:16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus.
  - Gal 3:29 En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename
- Die Jood (wat Abraham se seëninge deel) is nie die mense wat in Israel gebore is nie
  - Rom 2:28 Want nie hy is ‘n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie;
  - Rom 2:29 maar hy is ‘n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God.
- Belofte
  - Abraham, Isak, Jakob ...
  - Dawid ...
  - Jesus ...
  - Ons ...

MaartensPRO

Paulus

- Ons is deel van die verbond
  - **Php 3:3** Want óns is die besnydenis, ons wat God in die Gees dien en in Christus Jesus roem en nie op die vlees vertrou nie;
- Paulus kon op sy geslagregister vertrou het
  - **Php 3:4** alhoewel ek rede het om ook te vertrou op die vlees. As iemand anders meen dat hy op die vlees kan vertrou, ek nog meer.
  - **Php 3:5** Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër;
- Paulus kon op sy werke vertrou het
  - **Php 3:6** wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik.

MaartensPRO

Paulus (vervolg)

- Wat die dinge vir Paulus beteken
  - **Php 3:7** Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag.
  - **Php 3:8** Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry
- Paulus is nou geregverdig
  - **Php 3:9** en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof;
- Die uiteindelike doel
  - **Php 3:10** sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word,
  - **Php 3:11** of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik.

MaartensPRO

Jesus

- **Heb 2:16** Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom
- **Heb 2:16** For verily he took not on *him the nature of* angels; but he took on *him* the seed of Abraham
- Jesus het toe die uiteindelike Saad van Abraham geword soos wat die Here dit van die begin af beplan het
- **1Pe 1:23** want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.

MaartensPRO

Wat is Abraham se Beloftes?

- **Gen 17:7** En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as ‘n ewige verbond, om vir jou ‘n God te wees en vir jou nageslag ná jou
- Hoe sal Hy ‘n God vir ons wees?
  - **Jer 29:11** Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle ‘n hoopvolle toekoms te gee.
  - Jer 29:12 Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister.
  - Deut 28

MaartensPRO

God in die Natuur

- God wys wie en wat Hy is in die natuur
  - Rom 1:20 Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie
- Daarom het God geen genade vir die “wyse mense” nie

MaartensPRO

Die Natuurlike Mens (sonder God)

- God gee die “wyse” mense oor aan hulleself as hulle nie God wil erken nie. Dan sien ons die volgende gebeur: (Rom 1:25 – 32)
  - Homoseksualisme, Slegte gesindheid, Hoerery, Boosheid, Hebsug
  - Ondeug, Vol nydigheid, Moord, Twis, Bedrog
  - Kwaadaardigheid, Nuusdraers, Kwaadsprekers, Haters van God
  - Geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers;
- Rom 1:31 onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig,
- Hulle doen dit nie net self nie, hulle keur dit ook goed as ander mense dit doen
  - Rom 1:32 mense wat al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.

MaartensPRO

Die Nuwe Mens

- Ons het die verderf oorkom
  - 2Pe 1:4 waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.
- Ons moet oppas dat ons nie mense veroordeel wat sulke dinge doen nie
  - **Rom 2:1** Daarom is jy, o mens wat oordeel, wie jy ook mag wees, sonder verontskuldiging; want waarin jy 'n ander oordeel, veroordeel jy jouself; want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge.
- Ons moet verstaan waarom hulle so is en die enigste manier om die waarheid te sien, is wanneer ons vir hulle bid en die Here maak hulle oë oop.

MaartensPRO

Uitverkiesing

- Daar is beslis Uitverkiesing in die Bybel. Voordat ons gemaak is, het God dit voorbeskik dat ons deur Jesus Christus gelykvormig gemaak sou word aan Sy beeld:
  - Rom 8:29 Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders;
  - Rom 8:30 en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.

MaartensPRO

Uitverkiesing (Vervolg)

- Ons is uitverkies om kinders van God te word deur Jesus. Dit is hoe Elohiym dit beplan het
  - Eph 1:5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,
  - Eph 1:6 tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.
- Ons is ook uitverkies om deel te hê aan die erflating van Jesuswat aan Abraham gemaak is
  - Eph 1:11 in Hom in wie ons ook ‘n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil,

MaartensPRO

Wat God oor ons sê

- Wat Hy oor ons dink
  - **Jer 29:11** Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle ‘n hoopvolle toekoms te gee.
- Hy sal ons nie alleen laat nie
  - **Jer 29:13** En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart.
- Hy sal nie opgee nie
  - **Php 1:6** omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat ‘n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus.

MaartensPRO

Die Onsigbare Vyand – Die Vlees

- Die vlees bedink die dood
  - **Rom 8:6** Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede,
  - Rom 8:7 omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie
  - Rom 8:8 En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie;
- Ons is in die Gees en leef in die geloof
  - **Rom 8:9** julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.

MaartensPRO

Die Onsigbare Vyand – Die Mond

- **Die tong moet onder beheer gebring word**
  - **Jas 1:26** As iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is en sy tong nie in toom hou nie, maar sy hart mislei, die godsdiens van hierdie man is tevergeefs.
- **Laai skuld op ons**
  - **Ecc 5:6** (5:5) Laat jou mond nie toe om op jou liggaam ‘n sondeskuld te laai nie, en sê nie voor die gesant van God: Dit was ‘n vergissing nie. Waarom moet God toornig word oor jou stem en die werk van jou hande verwoes?
- **Vervloek mense**
  - **Jas 3:8** Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is ‘n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif.
  - Jas 3:9 Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is

MaartensPRO

Die Onsigbare Vyand – Die Mond

- **Ons wil goeie dae sien**
  - **1Pe 3:10** Want wie die lewe wil liefhê en goeie dae wil sien, moet sy tong bewaar vir wat verkeerd is, en sy lippe dat hulle geen bedrog spreek nie.
  - 1Pe 3:11 Hy moet afwyk van wat verkeerd is, en doen wat goed is; hy moet vrede soek en dit najaag.
  - 1Pe 3:12 Want die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore tot hulle gebed, maar die aangesig van die Here is teen die kwaaddoeners.

MaartensPRO

Die Onsigbare Vyand – Die Ore

- Pasop hoe jy hoor
- **Mar 4:24** En Hy het vir hulle gesê: Pas op wat julle hoor; met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word, en daar sal bygevoeg word vir julle wat hoor
- Mar 4:25 Want wie het, vir hom sal gegee word; en wie nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het
- **Luk 8:18** Pas dan op hoe julle hoor; want elkeen wat het, aan hom sal gegee word; en elkeen wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy **dink** dat hy het.

MaartensPRO

Liefde

- Woorde tel nie soveel as dade nie
  - 1Jn 3:18 My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid.
- ‘n Goeie daad betaal geld in die bankrekening in, ‘n slegte woord trek geld daaruit. **Hoeveel geld het jy in die bank?**
- Kritiseer wanneer iemand iets daaraan kan doen – bv. Nie op die partytjie praat van die lelike rok nie. Maar kritiek trek geld uit die rekening uit
- Kritiseer voor ander mense – gewoonlik is daar nie genoeg geld in enige rekening om daarvoor te betaal nie
  - Jas 3:5 Net so is die tong ook ‘n klein lid en beroem hom op groot dinge—kyk hoe ‘n groot hoop hout steek ‘n klein vuurtjie aan die brand.

MaartensPRO

In Perspektief

- Deur my geloof maak ek siekes gesond
- Deur my geloof wek ek dooies op
- Ek is bekend as ‘n geduldige persoon – Liefde
- Ek praat in tale
- Ek kry dit reg om elke dag iets goed van my man / vrou en kinders te sê – Liefde
- Ek profeteer
- Ek praat nooit sleg van iemand anders nie – Liefde
- Ek is een van die volgende: Apostel, Evangelis, Leraar, Herder, Profeet
- Ek is gedoop nadat jy tot bekering gekom het
- Ek verwag altyd die beste van almal – Liefde
- Ek is tevrede met die seën wat die Here my gee en die seën wat die ander Christene kry maak my bly – Liefde

MaartensPRO

Dwaas

- Wil nie verstaan nie
- Geniet dit om sy opinie te lig
  - Pro 18:2 Die dwaas het geen behae in verstandigheid nie, maar net daarin dat sy hart openbaar word
- Geniet dit om te skinder (…ek sê maar net)
  - Pro 10:18 Hy wat haat verberg, het valse lippe; en hy wat skindertaal uitstrooi, is ‘n dwaas
- Wat hy sê veroorsaak onmin
  - Pro 18:6 Die lippe van die dwaas kom met getwis, en sy mond roep na slae
- Wysheid is nie te belangrik vir hom nie
  - Pro 12:15 Die weg van ‘n dwaas is reg in sy eie oë, maar die wyse luister na raad

MaartensPRO

Dwaas (vervolg)

- Hy is ‘n verleentheid vir sy ouers
  - Pro 17:21 Hy wat ‘n dwaas verwek, vir hom sal dit ‘n bekommernis word; en die vader van die dwaas sal nie bly wees nie
- Bly weg van hom
  - Pro 17:12 Laat ‘n beer wat van kleintjies beroof is, ‘n mens ontmoet, maar nie ‘n dwaas in sy sotheid nie
- Moenie aan ‘n dwaas eer gee nie
  - Pro 26:8 Soos een wat ‘n klip in ‘n slinger vasbind, so is hy wat eer gee aan ‘n dwaas

MaartensPRO

Dwaas (vervolg)

- Pasop hoe jy hom antwoord
  - Pro 26:4 Antwoord ‘n dwaas nie na sy sotheid nie, sodat jy ook nie net soos hy word nie
  - Pro 26:5 Antwoord ‘n dwaas na sy sotheid, sodat hy nie wys is in sy eie oë nie
  - Pro 23:9 Spreek nie voor die ore van ‘n dwaas nie, want hy sal die verstandigheid van jou woorde verag
- Maar pasop as jy dink jy is slim
  - Pro 26:12 Het jy ‘n man gesien wat wys is in sy eie oë? Daar is meer hoop vir ‘n dwaas as vir hom.